



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**NOVEMBER 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> ’n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalings-tekens ontbreek **nie**.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1 | Hulle potlode moet skerp wees./(impiseer dus dat dit bietjie stomp gevryf moet word).√ | 1 |
| 1.2 | Die seun maak die potlood met ’n knipmes skerp./Seuns (in gr. 3) dra knipmesse skool toe./Hulle is in standerd 1./hulle het in die vorige eeu skoonskrifskrifte gebruik wat deesdae nie meer gedoen word nie. √<br>**EN**<br>Liggies op en donkerder af/ √<br>Netjies/Netjies tussen die lyntjies/√ (enige een)<br>’n **Skerp** potlood skryf | 2 |
| 1.3 | Jou handskrif spreek van jou karakter/wie jy is./van jou opvoeding<br>Beskryf jou persoonlikheid/beskrywing van jou liggaam en gees. √ | 1 |
| 1.4 | Dit is sierskrif/maklik leesbaar./mooi.<br>Die handskrif verskaf die leser groot plesier./<br>Dit vertel iets van die persoonlikheid van die skrywer. √√ (Enige twee) | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5 | Rekenaars neem skriftelike kommunikasie/handskrif oor, dus is dit nie meer belangrik om langskrif te leer nie. √√<br><br>**OF**<br><br>Dit maak sin dat skole eerder aandag gee aan rekenaarvaardighede omdat rekenaars belangriker word as langskrif. √√<br><br>Die aanleervan rekenaarvaardighede is nie belangrik nie, want die aanleer van skryfvaardighede ontwikkel jou breindfunksies.<br>*Die leerder gee sy eie gemotiveerde antwoord **binne konteks** van die teks.*<br>*Moet een van die twee kies!! Nie draadsitter wees nie!!*<br>*Uit die res van die teks iets as bewys gebruik, is aanvaarbaar.*<br>*Slegs 2 of niks: motivering kry 2 punte.* | 2 |
| 1.6 | ontsteltenis/verontwaardiging/'<u>n negatiewe ingesteldheid</u>/minagting√<br>afkeur/nie belangrik nie (NIE SARKASTIES NIE!!)<br>nonsens/twak/belaglikheid | 1 |
| 1.7 | Briewe/Pos wat (in koeverte) gepos word<br>Pos wat lank neem om sy bestemming te bereik/<br>Briewe wat deur die poskantoor afgelewer word. √ | 1 |
| 1.8 | "slakkepas" √<br>Nie "slakkepos" nie! | 1 |
| 1.9 | Jongste familienuus/klein besonderhede waaruit die alledaagse lewe bestaan/lewendige beskrywings van die alledaagse lewe/staaltjies/interessante vertelsels/liefdesbriewe/reisbriewe/pensketsies √ | 1 |
| 1.10 | Mening √<br>"vergeef my" √ | 2 |
| 1.11 | Hulle het mettertyd op mekaar verlief geraak./<br>Dit was later liefdesbriewe./<br>Die handskrif het meer bekend geraak. √ | 1 |
| 1.12 | Met pensketsies/tekeninge/sketse √ | 1 |
| 1.13 | Sy is dood. √<br>Ander uitdrukkings moontlik.<br>*Enige antwoord met dieselfde betekenis is ook aanvaarbaar.* | 1 |
| 1.14 | As jy met jou hand skryf, sal jy dink, en dan sinvoller/netjieser skryf./<br>Jy het meer tyd om te dink as jy met 'n potlood/met handskrif skryf en sal dus nie twak/nonsens/onbenullighede skryf nie./jy sal sinvol skryf./jy kan jou foute uitvee. √√<br><br><u>Essensie van antwoord moet wees: jy het meer tyd om te dink wanneer jy met die hand skryf; met rekenaar dink jy nie genoeg nie, want dis te vinnig – daarom skryf jy dikwels sner</u>t.<br><br>Goeie/Effektiewe woordkeuse.√ | 2<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | **OF**<br>Swak woordkeuse √ omdat die skrywer definitief nog nie by die moderne era aangepas het nie./Skrywers skryf gedigte/romans/dramas op rekenaars en dit is nie twak nie. √√<br><br>*Die leerder gee sy eie gemotiveerde antwoord binne konteks van die teks.* | 3 |
| 1.15 | Handskrif sal altyd noodsaaklik bly/<br>Handskrif sal vir ewig daar wees. √<br>*Handskrif is uniek/vir handtekeninge = X* | 1 |
| 1.16 | Fenisiese/handelaars het reeds van <u>1200 tot 900 v.C./1200 v.C./900 v.C</u>. die eerste alfabet versprei./Handskrif is al duisende jare deel van die mens se bestaan. √<br>Dis baie oud | 1 |
| 1.17 | Hierdie stelling is geloofwaardig om die volgende redes:<br>• Daar is talle studies onderneem wat hierdie stelling bewys./<br>• Ron N Morris skryf sy boek *Forensic Handwriting Identification* dat handskrif "eintlik 'n breinfunksie is /en jy jou brein gebruik om jouself uit te druk.<br>• Volgens die teks is daar 'n professor wat sy studente dwing om met 'n potlood te skryf aangesien hulle hulself dan beter kan uitdruk./<br>• Jy kan briewe aan 'n geliefde/bekende in jou handskrif skryf/jou gevoelens beter uitdruk/selfs met pensketsies illustreer./<br>• 'n Ander boek op my rak, *Handwriting Identification: Facts and Fundamentals* (Roy A Huber en AM Headrick), bestempel handskrif as <u>een van die gevorderdste</u> prestasies van die mensdom. .√√√<br>**OF**<br><br>Hierdie stelling is nie geloofwaardig nie om die volgende redes:<br>• Aangesien Amerikaanse kinders nie meer langskrif op skool leer nie, maar eerder rekenaarvaardighede, word aangeneem dat jy jou net so goed/beter deur middel van rekenaarkommunikasie kan uitdruk./<br>• Meer mense gebruik e-pos (of enige ander tegnologiese kommunikasiemiddel) as wat daar mense is wat briewe skryf, dus kan jy jouself net so goed uitdruk./<br>• Handskrif word as 'n perseptuele motoriese vaardigheid deur Huber en Headrick beskou, dus kan jy hierdie motoriese vaardigheid ook op die rekenaar beoefen./<br>• Handskrif is net 'n breinfunksie wat opdragte van die brein uitvoer, jou vingers kan dieselfde opdragte vir die sleutelbord ontvang en uitvoer. √√√ | 3 |
| 1.18 | (Skrywer stem saam/bevestig) dat handskrif belangrik is./Dit bind die teks tot 'n eenheid./Dit moedig mense aan om handksirf te gebruik. √ | 1 |
| 1.19 | Dit toon die pa se onkunde oor rekenaars aan/dat "rekenaartaal"/rekenaargebruik moeilik is./<br>Dit is rekenaartaal./<br>Die gebruik van die rekenaar (en sy taal) is vir die pa Grieks./ onverstaanbaar.<br>Die pa is negatief teenoor rekenaars./<br>Rekenaartaal is gekodeerde taal./<br>Pa verstaan nie die rekenaar nie./dink dis hiërogliewe./is soos hiërogliewe. √<br>*Hoef nie na die pa te verwys nie!!* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.20 | Die kunstenaar se voorstelling is funksioneel omdat:<br>• die pa se liggaamshouding moedeloosheid/frustrasie/negatiwiteit weerspieël./<br>• die pa se gesigsuitdrukking sy onvermoë uitspreek./<br>• die pa se gedagtegang op sy onvermoë dui. √<br>•<br>**OF**<br>Die kunstenaar se voorstelling is nie funksioneel nie omdat :<br>• alle pa's weet hoe rekenaars werk./<br>• die pa by die rekenaarvaardige seun kan leer./<br>• ons in die tegnologiese era leef en almal rekenaarvaardig is. √<br>*Die leerder kan enige gemotiveerde rede, wat binne konteks by die stelling pas, aanbied. Ja/Nee ontvang geen punte nie.* | 1 |
| 1.21 | "(klein-)kinders se vaardigheid op die rekenaar" √<br>Die frase dui duidelik daarop dat die skrywer se (klein)kinders meer rekenaarvaardig is as sy/hy. √ | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Coca-Cola gewild van die intrapslag**

**VRAAG 2** LU2 AS 2.1.5

**Nasien van die opsomming**

- **Opskrif/Titel**: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne**, in enige volgorde, skryf.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken**:**
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10
- Verspreiding van punte vir taal:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

**LET WEL:**

- **Tel van woorde:**
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.

- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry het, word ’n oorskryding van 5 woorde toegelaat en die res van die opsomming geïgnoreer.
- Korter opsommings wat die vereiste gedragsreëls bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| ***DIE GESKIEDENIS VAN COCA-COLA*** | | | |
|---|---|---|---|
| ***AANHALING UIT TEKS*** | | ***MOONTLIKE BEWOORDING*** | |
| *1* | *Dr. John Pemberton het dit in Mei 1886 ontwikkel.* | *A* | *Dr. John Pemberton het dit (in Mei 1886) gemaak/vervaardig/aanmekaar geslaan/gebrou.* |
| | *Hierdie konkoksie van ’n hele klomp bestanddele het hy in ’n driebeenpot in sy tuin gebrou.* | | Bestanddele is saam in ’n koperketel/tuin gebrou. |
| *2* | *Frank Robinson het die bekende logo ontwerp.* | *B* | *In 1886 het Frank Robinson die logo ontwerp./Die logo is deur Robinson/’n boekhouer opgestel.* |
| *3* | *Asa Candler het die Coca-Cola-formule in 1887 by Pemberton gekoop.* | *C* | *In 1887 het Asa Candler die Coca-Cola-formule oorgekoop.* |
| *4* | *Aanvanklik is hierdie koeldrank net in 'n koeldrankmasjien verkoop.* | *D* | *Hierdie koeldrank kon aan die begin net by ’n koeldrankmasjien/apteek gekoop word.* |
| *5* | *Teen die 1900’s het die bemarkers die stroop aan onafhanklike gelisensieerde maatskappye verkoop* | *E* | *Teen 1900 is die stroop aan gelisensieerde maatskappye verkoop.* |
| *6* | *’n Kompetisie, wat deur Earl R. Dean gewen is, is in 1916 van stapel gestuur vir die ontwerp van 'n botteltjie.* | *F* | *Die botteltjie is in 1916 deur Earl R Dean ontwerp./ ’n Unieke bottelvorm is ontwerp.* |
| *7* | *Hulle gebruik graag musiek in hulle advertensies en so het die liedjie <u>I’d Like to Teach the World to Sing</u> in 1971 'n wêreldwye treffer geword.* | *G* | *Die liedjie, I’d Like to Teach the World to Sing, wat Coke in hulle advertensies gebruik het, was in 1971 ’n treffer./musiek in advertensies gebruik.*<br>***Aantal woorde: 78*** |

*Sewe feite binne 90 woorde – nie noodwendig 7 sinne nie; nie noodwendig een feit per sin nie.*

***OF***

*Dr. John Pemberton het Coca-Cola in Mei 1886 gemaak. In 1886 het Frank Robinson die logo ontwerp. In 1887 het Asa Candler die Coca-Cola-formule oorgekoop. Hierdie koeldrank kon aan die begin net by ’n koeldrankmasjien gekoop word. Teen 1900 is die stroop aan gelisensieerde maatskappye verkoop. Die botteltjie is in 1916 deur Earl R Dean ontwerp. Die liedjie, I’d Like to Teach the World to Sing, wat Coke in hulle advertensies gebruik het, was in 1971 ’n treffer.*

*Sewe feite binne 90 woorde – nie noodwendig 7 sinne nie; nie noodwendig een feit per sin nie.*

***Aantal woorde: 77***

***TOTAAL AFDELING B: 10***

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - o Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

| **TEKS 1: KOERANTARTIKEL** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 3.1 | konsentrasievermoë √ | 1 |
| 3.2 | doktor √ | 1 |
| 3.3.1 | **6** Min, weinig in getal/**6**/Min/weinig in getal √ | 1 |
| 3.3.2 | Die woorde *min* en *karig* word nie in een woord saamgevoeg nie./<br>Die woorde *min* en *karig* beteken dieselfde./Dit is nie een woord nie./<br>Kontaminasievorme is meestal een woord./Dis pleonasme./sinonieme.<br>Die een woord word nie deur die ander woord beïnvloed./<br>Dis twee woorde wat mekaar ondersteun. √ | 1 |
| 3.4 | B/maak √ | 1 |
| 3.5 | Piet is vandag vaker as gister omdat hy minder geslaap het. √ (Spelling!!)<br><br>*In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.* | 1 |
| 3.6 | veranderinkie √ | 1 |
| 3.7 | suigelinge/babas/peuters/kleuters/volwassenes/bejaardes/oumense/grootmense/<br>middeljariges/kinders √<br>Meervoudsvorm is belangrik. | 1 |
| 3.8 | eenuur √ | 1 |
| 3.9 | Die verwaande vent het 'n hoë dunk van homself. (s.nw.)√<br>**OF**<br>Hulle dink hulle is slim/oulik (ww.) (Nie denke nie)<br>**OF**<br>Daar is nie 'n homofoon nie./Dink het nie 'n homofoon nie.<br>*Enige soortgelyke korrekte sin is aanvaarbaar*.<br>*Kandidaat moet IETS antwoord!!!!* | 1 |

Kopiereg voorbehou 

| **TEKS 2: ADVERTENSIE** | | |
|---|---|---|
| 3.10 | Die gemeenskap is vreeslik bly/opgewonde/ekstaties/nie letterlik in die lug nie. √ | 1 |
| 3.11 | Hy mag kom kyk hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg./Dalk sal hy kom kyk hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg./Hy sal straks kom kyk hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg./Hy sal miskien kom kyk hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg./Kon ek tog maar kom kyk hoe ons tot die beste stad in Suid-Afrika uitstyg! √<br><br>*'n Soortgelyke sin wat 'n moontlikheid, onmoontlikheid, waarskynlikheid of wenslikheid/wens aandui, kan gebruik word.* | 1 |
| 3.12 | Ja<br>Ander stede bied nie soveel moontlikhede vir hulle inwoners as Potchefstroom nie./ Potchefstroom is 'n goeie stad/die beste plek om in te woon. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Potchefstroom is nie die enigste stad wat mense se drome verwesenlik nie. √<br><br>*Die leerder kan enige antwoord aanbied wat daarop dui dat hy/sy 'n waarde oordeel kan uitspreek binne konteks van die teks.* | 1 |
| 3.13 | Almal verlaat die stad as iemand/iets besonders/'n wenner/'n kampioen./dat Potchefstroom die beste stad is. √<br><br>*Kandidaat se antwoord moet fokus op die positiewe van Potchefstroom*. | 1 |
| 3.14 | Dit bevestig die woorde, *"Ons is in die wolke!*"/Dit ondersteun die woorde – beste stad uitstyg/sluit aan by Potchefstroom-lughawe. /lughawe/wil wys hoe jy kan uitstyg/ons is figuurlik in die wolke, maar vliegtuig is letterlik in die wolke √ | 1 |
| 3.15 | Hulle het by die splinternuwe Potchefstroom-lughawe geland en het (hulle) as kampioene vertrek./(In 2010) het hulle by die splinternuwe Potchefstroom-lughawe geland en (hulle) (het) as kampioene vertrek.√<br><br>*Versweë onderwerp/hulpww aanvaar.*<br>*Vraagsinvorm ook aanvaar mits vraagteken daar is.*<br>Korrekte woordorde!!! | 1 |
| 3.16 | "beste"/"skoon"/"aantreklike"/"belowende"/"toerismemark"√ | 1 |
| 3.17 | Europa se topsokkerspan gaan <u>tydens die Sokkerwêreldbeker</u> in Potchefstroom tuis./Europa se topsokkerspan gaan <u>in die universiteitskoshuis</u> in Potchefstroom tuis./Europa se topsokkerspan gaan <u>graag</u> in Potchefstroom tuis. √<br><br>*Die leerder kan enige soortgelyke sin met 'n bywoordelike bepaling aanbied.* | 1 |
| 3.18 | "groeiende"/"belowende" √ | 1 |
| 3.19 | Suid-Afrika √ | 1 |

| TEKS 3: STROKIESPRENT | | |
|---|---|---|
| 3.20 | Sy vra: "Wil jy my uitneem?"/sal/kan/gaan √ | 1 |
| 3.21 | Die pa en die ma het in mekaar begin belangstel daarom kan die seun ook maar in die teenoorgestelde geslag belangstel./vlerksleep √<br><br>(*Begin in die teenoorgestelde geslag belangstel*) | 1 |
| 3.22 | Maak maar net soos julle lus het! /<br>Maak net soos julle los het!<br>Maak soos/net soos julle lus het! √<br><br>*Uitroepteken!!!* | 1 |
| 3.23 | bywoord/bywoord van graad√ | 1 |
| 3.24 | Ja, hy is seker reg om bang te wees vir 'n verhouding nadat sy ma en pa so te kere gegaan het.<br>Sy ouers neem nog vir hom besluite./<br>Jy is eers volwasse opagttien/of 21, en hy is nou eers sewentien.√<br><br>**OF**<br><br>Nee, 'n mens bou nie jou verhoudings op die voorbeelde van ander mislukte verhoudings nie./<br>Nee, dis eintlik sy ouers wat onvolwasse is omdat hulle nie 'n saak rustig kan bespreek nie/op 'n beskaafde wyse tot 'n oplossing kan kom nie.√<br><br>*Die leerder gee sy eie aanvaarbare mening.* | 1 |
| 3.25 | **<u>Daar word</u>** ten minste nie (deur my ma) (soos joune) in ons huwelik ingemeng nie./Ten minste word daar nie (deur my ma) in ons huwelik ingemeng nie. √<br>*Maak seker dat Daar word ... in die sin gebruik word.* | 1 |
| 3.26 | Dit wys dat die sprekers hard praat/skree/skel/kwaad is./baklei/driftig is./<br>Die uitroepteken beklemtoon hoe die spreker voel. √ | 1 |
| 3.27 | D/teësinnig/D teësinnig/D √ | 1 |
| 3.28 | Die kan water staan in die gang.√<br>*Slegs <u>kan</u> word aanvaar.* | 1 |
| 3.29 | Hy lyk asof hy nie deel van die meningsverskil tussen sy ouers wil wees nie./Sy oë is groot, want hy kan nie glo dat hy as onvolwasse beskou word (terwyl dit eintlik sy ouers is wat onvolwasse is!) nie./Pieter druk sy oor toe om nie sy ouers te hoor nie/ om die meisie beter te hoor./wil nie die bakleiery hoor nie./omdat hy nog te onvolwasse is./Sy lyftaal dui daarop dat hy uit die situasie wil ontsnap, want sy ouers is onvolwasse. /<br><br>*Enige gemotiveerde antwoord wat by die konteks pas.* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |

Kopiereg voorbehou